

**SONDAG:2**

**VRAAG EN ANTWOORD: 5**

	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling	
Vraag: Kan jy dit alles ten volle nakom?				
Antwoord: Nee,	1	Romeine 3:10	soos geskrywe is: Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie.	Daar staan immers geskrywe: "Daar is nie een wat regverdig is nie, selfs nie een nie,
		Romeine 3:20	aangesien uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie, want deur die wet is die kennis van sonde.	Daarom sal geen mens op grond van wetsonderhouding deur God vrygespreek word nie; intendeel, deur die wet leer 'n mens wat sonde is.
		Romeine 3:23	want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlijkheid van God,	Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlijkheid van God nie,
		1 Johannes 1:8	As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onself en die waarheid is nie in ons nie.	As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onself en is die waarheid nie in ons nie.
		1 Johannes 1:10	As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot 'n leuenaar en is sy woord nie in ons nie.	As ons beweer dat ons nie gesondig het nie, maak ons Hom tot leuenaar en is sy woord nie in ons nie.
want ek is van nature geneig om God en my naaste te haat	2	Genesis 6:5	Toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was,	Toe die Here sien hoe groot die verdorwenheid van die mens op aarde is en dat hy sy lewe lank net slegte dinge bedink,
		Genesis 8:21	En die HERE het die lieflike geur geruik, en die HERE het in sy hart gesê: Ek sal die aarde verder nie meer vervloek ter wille van die mens nie, want die versinsels van die mens se hart is sleg van sy jeug af. En Ek sal verder nie meer al die lewende wesens tref soos Ek gedoen het nie.	Die Here het die offer aanvaar en Hy het by Homself gesê: "Ek sal nie weer so 'n ramp oor die aarde laat kom vanweë die mens nie. Van sy jeug af bedink die mens net slegte dinge, maar Ek sal nie weer al wat lewe laat omkom soos Ek gedoen het nie.
		Jeremia 17:9	Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken?	Die hart is bedriegliker as enigiets anders, hy is ongeneeslik; wie kan hom verstaan?
		Romeine 7:23	maar ek sien 'n ander wet in my lede wat stryd voer teen die wet van my gemoed en my gevange neem onder die wet van die sonde wat in my lede is.	maar ek vind in my doen en late 'n ander wet, wat stryd voer teen die wet van my gees. Dit maak my 'n gevangene van die wet van die sonde wat in my doen en late aan die werk is.
		Romeine 8:7	omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie.	Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, is immers vyandskap teen God. Die sondige natuur onderwerp hom nie aan die wet van God nie, dit kan trouens ook nie.

		Efesiërs 2:3	<p>onder wie ons almal ook vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander.</p>	<p>So het ons trouens vroeër ook almal gelewe. Ons is deur ons sondige begeertes oorheers en het gedoen net waartoe ons luste ons gelei het en wat in ons gedagtes opgekóm het. Vanweë ons sondige natuur sou ons net soos die ander mense deur God gestraf moes word.</p>
		Titus 3:3	<p>Want ons was ook vroeër onverstandig, ongehoorsaam, op 'n dwaalweg, verslaaf aan allerhande begeerlikhede en singenot; ons het in boosheid en afguns gelewe; ons was haatlik en het mekaar gehaat.</p>	<p>Vroeër was ons ook onverstandig, ongehoorsaam, op die verkeerde pad, verslaaf aan allerlei begeertes en singenot; ons het ons lewe in kwaadwilligheid en jaloesie deurgebring; ons was haatlik en het mekaar gehaat.</p>